



Plak asseblief die
strepieskode-etiket hier

PUNTE-
TOTAAL

| |
|--|
| |
|--|

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

| | | | | | | | | | | | | |
|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|
| | | | | | | | | | | | | |
|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|

Tyd: 2 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye, 'n Inligtingsboekie van 9 bladsye (i–ix) en 'n Formuleblad van 1 bladsy (i). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord die vrae in die spasie wat voorsien word.
4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Jy mag **nie** groen of rooi ink gebruik nie. **Jy mag 'n potlood gebruik, maar gebruik asseblief 'n sagte, donker potlood.**
6. Alle berekeninge moet tot **twee desimale plekke** afgerond word.
7. Die puntetoekenning en die toepaslike tyd wat vir elke vraag geneem moet word, is soos volg:

| | Moontlike punte | Werklike punte | Nasiener se handtekening | Moderator se handtekening |
|---|-----------------|----------------|--------------------------|---------------------------|
| Vraag 1: Begrotings (39 minute) | 33 | | | |
| Vraag 2: Maatskappy-ontleding (58 minute) | 48 | | | |
| Vraag 3: Versoenings (23 minute) | 19 | | | |
| TOTAAL | 100 | | | |

VRAAG 1 BEGROTINGS

[33 punte; 39 minute]

Hierdie vraag bestaan uit twee dele, Deel A en Deel B. Die twee dele moet as onafhanklik van mekaar beskou word.

Deel A

[22 punte; 26 minute]

Verwys na die inligting aangaande Tshwane Traders.

1.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskediule hieronder.

| | Kredietverkope | Maart 2023 | April 2023 |
|----------------|----------------|------------|------------|
| Februarie 2023 | 1 080 000 | 594 000 | - |
| Maart 2023 | * | * | * |
| April 2023 | 1 650 000 | - | 633 600 |

(5)

Berekeninge:

1.2 Bereken die bedrag oninbare skuld wat op **30 April 2023** afgeskryf moet word.

| |
|--|
| |
|--|

(2)

- 1.3 Voltooi die uittreksel uit die Kontantbegroting hieronder.
Gebruik die spasie wat voorsien word om toepaslike berekeninge te toon.

| Uittreksel uit die Kontantbegroting van Tshwane Traders | | |
|---|------------|------------|
| | Maart 2023 | April 2023 |
| Ontvangste | | |
| Kontantverkope | * | 3 850 000 |
| Kontantontvangste van debiteure | | |
| Huur | * | * |
| | | |
| Betalings | | |
| Kontantaankope van voorraad | 1 918 800 | * |
| Betalings aan krediteure | 541 500 | * |
| Trekkings | 40 000 | 40 000 |
| Eiendomsbelasting en diensgelde | * | * |

(12)

| |
|---|
| Berekening van kontantaankope: |
| |
| Berekening van betaling aan krediteure: |
| |
| Ander berekeninge: |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

1.4 Verskaf die volgende bedrae soos wat dit op die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste sal verskyn:

1.4.1 Korting toegestaan vir Maart 2023

| |
|--|
| |
|--|

(2)

1.4.2 Huurinkomste vir Maart 2023

| |
|--|
| |
|--|

(1)

Deel B

[11 punte; 13 minute]

Verwys na die inligting aangaande Sawubona Stores.

Bestudeer die Kontantbegroting van Sawubona Stores vir April en Mei 2023, tesame met die werklike resultate behaal vir April en Mei 2023 om die vrae wat volg te beantwoord.

Let wel: Alle goedere word vir kontant verkoop en alle goedere word op krediet gekoop.

1.5 Verduidelik die belangrikheid daarvan om die begrote syfers met die werklike syfers wat vir dieselfde tydperk behaal is, te vergelyk.

| |
|--|
| |
| |
| |

(1)

1.6 Die eienaar is van mening dat die rekenmeester van Sawubona Stores die begroting vir **Mei 2023** goed beheer het. Lewer kommentaar oor hoe doeltreffend die begroting beheer is deur die werklike syfers met die begrote syfers vir Mei 2023 te vergelyk.

Haal TWEE syfers uit die gegewe inligting aan om hierdie standpunt te motiveer.

- | |
|--|
| |
|--|
- | |
|--|
| |
|--|

(2)

- 1.7 Met watter persentasie het die werklike kontantverkope vir April 2023 die bedrag wat vir dieselfde tydperk begroot is, oorskry?

(1)

- 1.8 Sawubona Stores werk met 'n vastebasis-voorraadvlak en hulle voeg 'n winsgrens van 50% op kosprys by op alle goedere wat verkoop word. Alle voorraad word op krediet gekoop en ten volle betaal aan die einde van die maand waarin dit gekoop is. Geen voorraad is deur die eienaar geskenk of geneem nie.

- 1.8.1 Het hulle die vastebasis-voorraadvlak gehandhaaf? Verskaf 'n toepaslike berekening om jou keuse te ondersteun.

☐

Ja, hulle het dit gehandhaaf

☐

Nee, hulle het dit nie gehandhaaf nie

Berekening:

(1)

- 1.8.2 Verskaf TWEE gevolge daarvan om **nie** 'n vastebasis-voorraadvlak te handhaaf nie en dui die effek aan wat dit op die winsverdiens van die onderneming kan hê.

•

•

(4)

1.9 Sal die **winkelassistente** tevrede wees met hul salarisbetalings vir April **en** Mei 2023?

☐

Ja

☐

Nee

Haal toepaslike syfers aan om jou keuse hierbo te motiveer.

| |
|--------|
| April: |
| |
| |
| Mei: |
| |
| |

(2)

| |
|----|
| |
| 33 |

VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING**[48 punte; 58 minute]****Verwys na die inligting aangaande Aspen Pharmacare Holdings Ltd.**

2.1 Bereken die winsgrenspersentasie wat in **2021** behaal is.

| |
|--|
| |
|--|

(2)

2.2 Selfs al het die bruto wins met 3,8% jaar tot jaar toegeneem, toon die handelstaat dat daar rede tot kommer is in die toekoms.

Toon, deur TWEE verskillende syfers/verhoudings of persentasies te verduidelik, dat die bogenoemde stelling waar is.

- _____

- _____

(4)

2.3 Identifiseer en haal die TWEE belangrikste redes aan waarom die **wins voor belasting** met 9,4% toegeneem het.

- _____

- _____

(2)

2.4 Verwys na die bykomende kolpunte onder die Staat van Finansiële Posisie in Inligting B en die finansiële aanwysers in Inligting C.

2.4.1 'n Vriend van jou is van mening dat Aspen hul bates depresieer deur die kostemetode te gebruik, want wanneer hulle dan enige van hul bates vir 'n **goeie prys** verkoop, sal hulle 'n groter wins op die verkoop van bates toon.

Verskaf 'n grondige redenasie waarom die kostewardeverminderingsmetode kan help om groter wins op die verkoop van bates te toon (in teenstelling met ander waardeverminderingsmetodes).

[illegible]

2.4.2 Watter AARP-beginsel maak voorsiening vir die waardevermindering van bates?

(1)

2.4.3 Die eksterne ouditeure sal die verkoop van bates as deel van hul jaarlikse auditproses ondersoek. Na watter stuk ouditbewys sal hulle kyk om te verifieer dat die eiendom teen die historiese koste opgeteken is?

(1)

2.4.4 Klassifiseer die volgende scenario as óf 'n voorkomende óf 'n regstellende óf 'n opsporende interne beheermaatreël:

Geen bate mag uit die bateregister verwyder word sonder die toepaslike handtekening van 'n direkteur nie.

(1)

2.4.5 Die eksterne ouditeure is R57 miljoen vir die 2021-oudit betaal.

Kritici meen dat omdat hulle so 'n hoë fooi betaal word, ouditeure minder objektief kan wees en geneig kan wees om kommerwekkende kwessies wat in die finansiële state aanwesig is, te ignoreer.

Verskaf EEN rede waarom jy **nie** met hierdie stelling saamstem nie.

- _____

_____ (1)

2.5 Verskaf TWEE redes waarom Aspen die eerste-in-eerste-uit-metode sal gebruik om die koste van voorraad te bepaal in plaas van die gewoogdegemiddelde-metode.

- _____

- _____
_____ (2)

2.6 Hoe lank sal Aspen se **eindvoorraad** hou?

(3)

2.7 Bereken die netto batewaarde soos op 30 Junie 2021.

(3)

- 2.8 'n Vriend bied aan om op 30 Junie 2021 jou Aspen-aandele by jou te koop vir R140 per aandeel. Sal jy sy aanbod aanvaar? Motiveer jou antwoord met redes.

☐

Ja

☐

Nee

(3)

- 2.9 Bereken die opbrengs op aandeelhoudersbelang van Aspen vir **2021** en lewer kommentaar op die resultaat.

Berekening:

Kommentaar:

(5)

- 2.10 Op 30 Junie 2021 het Aspen lae hefboomfinansiering gehad.

Bereken die risiko wat op hierdie datum met Aspen geassosieer is.

(2)

2.11 2.11.1 Bereken die verdienste per aandeel vir **2021**.

| |
|--|
| |
|--|

(2)

2.11.2 Sal jy as aandeelhouer tevrede wees met die dividend wat jy in 2021 ontvang het? Verduidelik jou redenasie.

10

Ja

□

Nee

This image shows a blank sheet of white paper with horizontal ruling lines. The lines are evenly spaced and extend across the width of the page. There are no margins, text, or other markings on the paper.

(5)

2.12 Bestudeer die volgende uittreksel (aangepas) uit die direkteursverslag vir 2021:

Na afloop van die 2021 finansiële jaar hierbo het die maatskappy met krediet-verskaffers herbeding dat R21 000 miljoen van die lenings wat in die 2022 finansiële jaar terugbetaalbaar sou wees, nou eers in die 2023 finansiële jaar terugbetaal sal word.

2.12.1 Indien die onderhandelings voor die einde van die 2021 finansiële jaar afgehandel is, hoe sou dit die Staat van Finansiële Posisie op 30 Junie 2021 beïnvloed het?

(2)

2.12.2 Bereken wat die gemiddelde opbrengs op totale kapitaal aangewend op 30 Junie 2021 sou wees **indien die onderhandelings hierbo betyds afgehandel is.**

(7)

VRAAG 3 VERSOENINGS

[19 punte; 23 minute]

Verwys na die inligting aangaande GP Tool Distributors.

Hierdie vraag bestaan uit twee dele, Deel A en Deel B.

Deel A

[5 punte; 6 minute]

- 3.1 Voltooi die Krediteureversoening vir Februarie 2023 deur die tabel hieronder te gebruik.

| Besonderhede en berekeninge | Krediteure-grootboek | Krediteure-versoening |
|-----------------------------|----------------------|-----------------------|
| Saldo | 1 547 600 | 1 391 000 |
| (a) | | |
| (b) | | |
| (c) | | |
| (d) | | |
| (e) | | |
| | MOENIE OPTEL NIE | |

(5)

Deel B

[14 punte; 17 minute]

- 3.2 Voltooi die Debiteure-ouderdomsontleding vir Builder's Warehouse vir Februarie 2023.

Moenie die ouderdomsontledingkolomme optel nie.

| 60+ dae | 30+ dae | Huidig |
|---------|---------|---------|
| | | 187 240 |

(7)

3.3 Die eienaar het die inligting in Deel A en Deel B bestudeer, tesame met 'n e-pos wat hy van SAID ontvang het, en jou om advies oor die volgende kwessies genader:

3.3.1 Ten spyte van die lonende kontrak om aan Builder's Warehouse te verskaf **nadat** 'n 100%-wingsgrens toegepas is op die voorraad wat by Adendorff Machinery Mart gekoop is, ondervind GP Tool Distributors **steeds** van tyd tot tyd kontantvloei probleme wanneer hulle voorraad koop.

Ontleed die likiditeitsiklus van GP Tool Distributors en lewer kommentaar daarop met betrekking tot die debiteure en krediteure. Gebruik syfers/persentasies/feite wat verskaf is om jou bevindings te motiveer.

(3)

3.3.2 Watter advies het jy op grond van jou bevindings in Vraag 3.3.1 vir die eienaar van GP Tool Distributors om hul kontantvloei te verbeter? Gee TWEE voorstelle.

- ---

- ---

(2)

- 3.3.3 Die e-pos wat die eienaar van SAID ontvang het, sê dat GP Tool Distributors reeds maande gelede vir BTW moes registreer. Die eienaar wil nie en beweer dat dit sy wins gaan verminder, omdat hy nou geld aan SAID moet betaal.

Verskaf die rede waarom SAID volhou dat hy reeds vir BTW moes registreer.

(1)

Verduidelik waarom die eienaar se redenasie verkeerd is en waarom registrasie as 'n BTW-ondernemer nie sy wins sal verminder nie.

(1)

| |
|-----------|
| |
| 19 |

Totaal: 100 punte